SAKE 24 (Rapport)
31 Jul 2011, p.7

Mnr. Louis Stassen, senior portefeuljebestuurder van Coronation.

Ál hoër inflasie plaas aftreegeld in gevaar

DAVID VAN ROOYEN
IN JOHANNESBURG
david.vrooyen@sake24.com

Die meeste beleggers definieer risiko as die moontlikheid dat hulle dalk van hul kapitaal kan verloor, maar daar is ook ander sienings oor risiko, sê mnr. Louis Stassen, senior portefeujebestuurder van Coronation.

"Ons glo die grootste risiko wat 'n belegger in die gesig staar, is die moontlikheid dat hy/sy nie genoeg geld gaan hê om 'n aanvaarbare leefstyl te handhaaf wanneer hulle die dag aftree nie."

Hy sê beleggers wat vir aftrede spaar, ignoreer dikwels dié moontlikheid terwyl hulle hul blind staar teen "produkte wat die sekuriteit van lae wisselvalligheid en lae risiko bied".

Hy sê mense neem soms beleggingsbesluite op grond van historiese gegewens, terwyl die beleggingstoneel drasties verander, en dapper besluite noodsaak.

"Die belangrikste is dat die afgelope dekade se kunsmatige lae rentekoerse, en gevolglike kredietontploffing, daartoe gaan lei dat inflasie in die toekoms 'n groter wordende probleem gaan word, wat mense se aftree-neseier onder baie groot druk gaan plaas.

Die aanduidings is ook dat die verskillende bateklasse al laer reële opbrengste gaan bied, wat dit noodsaaklik maak vir beleggers om meer risiko te trotseer.

"Die meeste mense begin eers sowat 20 jaar voor hul aftrede spaar en spaar dan ook gemiddeld net sowat 10% van hul inkomste.

"Dit beteken hulle moet 'n opbrengs van inflasie plus 12% vir 20 jaar verdien, om met 75% van hul salaris as 'n pensioen te kan aftree.

"In die lig hiervan is bateklasse met lae risiko en lae wisselvalligheid nie noodwendig die beste opsie vir die meeste beleggers nie."

Stassen sê mense wat aftrede nader, begin hul blootstelling aan groeibates te gou verminder

Mense se langer lewensverwagting beteken dat baie hulle 20 tot 25 jaar op aftreegeld moet leef, wat beteken dat hulle langer op groeibates moet staatmaak om genoeg geld te hê.